Sondevergiffenis En Versekering Van Vrede Met God

WILLIAM J. PATTON

Sondevergiffenis en Versekering van Vrede Met God

WILLIAM J. PATTON

INLEIDING

My Geagte Leser

My doel met hierdie boekie is dat u, deur die genade van God, daartoe gebring sal word om Christus as u Saligmaker te aanvaar; of as u Christus reeds aanvaar het, dat u seker sal weet dat u die Ewige Lewe het.
Ek is baie besorg oor die wyse waarop u dit lees, sodat u regtig daarby kan baat.

1 Lees dit wanneer u alleen met God is, en nie wanneer ander rondom u werskaf nie.

2 Lees dit stadig. Dit help nie om deur 'n boekie soos hierdie te jaag nie.

3 Lees dit biddend, en vra God om dit as instrument te gebruik om u na Christus te lei.

4. Lees dit vir uself en nie vir ander nie. Maak dit op uself van toepassing.

Mag u, voordat u dit klaar gelees het, in staat wees om te sê: "...ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou." WILLIAM J. PATTON

Hierdie boekie is saamgestel hoofsaaklik uit uittreksels uit die welbekende boek "Pardon and Assurance" deur William J. Patton van Dromora, County Down, Noord-Ierland. Dit is uit Engels in Afrikaans vertaal deur Danie Steyl van Oudtshoorn, RSA. Hierdie boekie is verkrygbaar by:

Multi Ministries, Posbus 2032, Florida Hills, 1716
Tel. (011) 6723568

WAAROM CHRISTENE GELUKKIG IS

Deur William J. Patton

Hulle word vergewe en gered. Wanneer ‘n man besef dat hy ‘n duisend keer teen God gesondig het, en dat sy sonde die hel verdien - wanneer hy besef dat Christus hom liefhet, die straf vir al daardie sondes gedra het en dat hulle nou vergewe en vergete is, sal hy nie juig nie? Sal ‘n seeman nie juig wanneer hy uit ‘n watergraf gered word nie?

Leser - sal u nie baie gelukkiger wees as u weet dat u sondes vergewe is nie? Op die oomblik durf u nie dink aan die dood of aan die oordeel of die hel nie. Wanneer die Gees van God hierdie dinge by u in herinnering roep, probeer u om hulle weg te dryf. Die Bybel sê: “Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word.” (Psalm 32:1)

God het Christene lief, en hulle het Hom lief. Wat ‘n vreugde vir die Christen om te weet dat hy Jesus, sy geliefde Vriend, elke dag en elke uur by hom het om hom te lei en te bewaar, en om in al sy behoeftes te voorsien. Petrus sê van Jesus: “Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met ‘n onuitspreeklike en heerlike blydskap.” (1 Petrus 1:8-9)

Christene hou gemeenskap met God - praat met God, en God praat met hulle. Wat ‘n plesier het die Christen om die Bybel oop te maak en te sê: “Praat, Here, u dienaar luister!” En watter geesdrif is daar dan soms in die groot gemeente, waar ons Vader in die hemel geprys en vereer word, en met

groot vreugde aan die tafel van sy Seun aangesit word.

Christene vind vreugde daarin om sonde te oorwin, God te behaag en goed te doen aan hulle naaste. Die Bybel sê: "Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning." (Psalm 19:12) Wanneer 'n Christen hierdie dinge doen om Jesus Christus sy Redder te behaag, hoeveel te meer vreugde sal hulle nie bied nie!

HOE HEERLIK OM HEELDAG VIR GOD TE WERK

En wanneer God 'n Christen die instrument maak waardeur 'n siel na Jesus gelei word, en sodoende 'n "sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red", bied dit honderdvoudig meer vreugde as die bevrediging van enige bose begeerte. McCheyne sê: 'Hoe heerlik om heeldag vir God te werk, en dan onder sy glimlag te rus."

Christene vind geluk in die vooruitsig na die hemel as hulle ewige tuiste, om vir ewig in die Vader se Huis te wees waar daar baie woonplek is, waar daar geen hartseer, sugtinge of pyn is nie. Om vir altyd by die Vader te wees wat ons liefhet, en by sy Seun wat vir ons gesterf het, en by die Heilige Gees wat ons na die voet van die Kruis gebring het. Om vir altyd by die heilige engele te wees wat rondom ons laer getrek het op aarde. Om by ons vriende te wees wat in Jesus ontslaap het.

Christene vind geluk in die dood. Deur die dood kom die Here Jesus hulle haal om hulle na Hom te neem. Op sy sterfbed het Payson gesê: " Ek sien die volle Hemelstad. Die glorie daarvan skyn op my, die winde daarvan waai oor my, en die gees daarvan word in my hart geblaas."

CHRISTUS SE LIEFDE VIR SONDAARS

In Lukas 15 beskryf Jesus Homself as die Goeie Herder wat agter een verlore skaap aangaan totdat hy dit gevind het. Hy is dan bly en tel dit op sy skouers, en roep dan sy vriende om saam met Hom bly te wees omdat Hy die verlore skaap gevind het. O, as u Hom sou toelaat om u vandag op sy skouers te dra! Hy sou bly wees en al die engele roep om saam met Hom bly te wees. Lukas 15:10.

Jesus se liefde vir sondaars is gesien in sy lewe op aarde. Hy wat in die gestalte van God was, Homself om ons ontwil verneder het en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het, is uit 'n maagd gebore en het aan mense gelyk geword. Laat ons onthou dat Hy steeds dieselfde Jesus is - "gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."

Dink aan die vrou wat as sondaar na Jesus toe gekom het (in Lukas 7). Sy het sy voete met haar trane gewas en hulle met haar hare drooggemaak. Jesus het haar nie verwerp nie, maar Hy het gesê: "Haar sondes wat baie is, is vergewe." Hierdie sondige vrou, wat van die sonde weggedraai het, is vryelik vergewe deur Sy genade.

VANDAG SAL JY SAAM MET MY IN DIE PARADYS WEES

Dink aan Saggeus, the tollenaar en afperser. Hy het in 'n wildevyeboom geklim om Jesus te sien wanneer Hy daar verbygaan. Jesus het opgekyk en gesê: "Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuisgaan." Saggeus het afgeklim en gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir

die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." Hier was getuienis dat sy hart verander het en dat sy sondes weggeneem is. En Jesus is vandag nog dieselfde.

Dink aan Jesus op die dag van sy dood. Nadat Hy aan die kruishout vasgespyker is, het Hy gebid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Een van die wonders van daardie dag was die bekering van die sterwende dief wat gebid het: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Jesus se onmiddellike antwoord was: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Daardie oggend was die man nog verlore in sy sonde; daardie middag is hy deur Christus gered; daardie aand was hy saam met Christus in die paradys. Hy is vrygespreek, afgesonder en binne 'n paar uur vir die hemel gereed gemaak. O, die genade wat die Here Jesus vir slegte mense het!

Dink aan Jesus op Golgota. Vir wie het Hy gesterf? Christus het nie vir goeie mense gesterf nie, maar vir goddeloses. Rom. 5:6. Die Bybel sê: "Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Jesaja 53:5, 6.

Jesus het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. 1 Petrus 2:24. Die lyding van sy liggaam gedurende daardie ure was verskriklik; maar sy grootste lydings was dié van sy siel. Hy wat geen sonde geken het nie, het sonde vir ons geword, en as gevolg van ons sondes wat op hom gelê is, het sy Vader sy gesig van Hom weggedraai, totdat Hy uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" O, die liefde van Christus vir sondaars! Hy het al hierdie dinge gely om sondaars te red.

WAT MAAK DIE VERSKIL?

Vyf jaar gelede het twee mans in hierdie land gewoon. Vandag is altwee dood. Een van hulle is in die hemel, die ander in die hel. Wat was die verskil tussen hulle? Die verskil was dat een van hulle daartoe gelei is om te besef dat hy 'n sondaar was en dat Jesus vir hom aangebied is as sy Saligmaker. Hy het Jesus as sy Saligmaker aanvaar en daarna 'n heilige lewe gely. Toe hy gesterf het, het hy hemel toe gegaan.

Die ander man het besluit dat hy eendag Christus as Saligmaker sou aanvaar, maar hy het sy besluit uitgestel. Intussen het hy die enigste Saligmaker verwerp. Vanweë sy sonde het God hom weggesnoei, en nou is hy in die hel, treurende oor sy dwaasheid om so 'n groot Saligmaking te kon verwaarloos. "Jy het nog genoeg tyd." Dit is die Satan se grootste leuen.

WAT IS SONDE?

Kom ons kyk na sonde in die lig van die Bybel; in die lig van God se Heiligheid. Toe Jesaja sy heiligheid gesien het, het hy uitgeroep: "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige." God is 'n liefdevolle God, maar sy liefde is die liefde van 'n Heilige God. Hy het ons vertel van 'n weg deur Christus, waardeur Hy die skuldigste sondaar kan vergewe. Hy kan egter nie vergewe behalwe deur Christus nie.

Dink aan sonde in die lig van God se oordeel daaroor. Blaai deur die Bybel en kyk hoe God sonde haat. Hy het die engele wat in sonde verval het uit die hemel gewerp omdat Hy sonde haat. Hy het Adam en Eva uit die Tuin van Eden verdryf omdat Hy sonde haat. Hy het die Sondvloed oor die hele

aarde laat kom, sodat elke siel gesterf het, omdat Hy sonde haat. En hierdie wêreld, wat so besmet is met sonde, sal eendag verbrand word met 'n gloeiende hitte. Waarom? Omdat God sonde haat.

Kyk na sonde in die lig van Ewige Straf. In Matteus 25 sê Jesus van 'n groot groep mense: "En hierdie mense sal die ewige straf ontvang." In die Bybel word dieselfde woord gebruik om die ewige lyding van die verlorenes in die hel te beskryf, en die ewige geluksaligheid van God se kinders in die Hemel. As die een nie vir ewig is nie, is die ander ook nie.

HOE LANK SAL DIT WEES?

Het u al ooit gedink hoe lank die Ewigheid duur? 'n Bekende skrywer het gesê: "Veronderstel 'n klein insekkie sou hierdie wêreld met klein mondjiesvol kon wegdra na die verste ster. Honderde miljoene jare word benodig vir die aflê van 'n enkele reis. Die insek begin met die blaar van 'n boom, en neem sy klein vraggie, en begin met die byna eindelose reis. Nadat miljoene en miljoene jare weggerol het, keer dit weer terug vir die tweede vrag. O, hoeveel eeue moet verbygaan om die hele boom weg te dra? Na hoe 'n lang tyd sal die hele boom weggedra wees? Wanneer sal die woud weg wees? En wanneer sou die insek die laaste stukkie van hierdie aardbol neem en dit wegdra op sy lang, lang reis? Selfs dan sal die Ewigheid maar net begin het." Wat is Ewige Straf? Dit is die uitdrukking van God se haat van die sonde.

KYK NA DIE LAM VAN GOD

Dink aan sonde in die lig van Christus se dood as Versoening vir sonde. As enigiets minder, of enigiets anders as die dood van Christus sonde sou kon versoen, Sou God sy eniggebore

Seun gespaar het. Dink daaraan hoe sy krete die lug geskeur het en Hy die grond met sy bloedbevlekte sweet deurweek het toe hy drie keer uitgeroep het: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos ek wil nie, maar soos U wil." Watter pyn moes Jesus nie verduur het toe Hy - versterk deur God om dit te kon dra - so uitgeroep het nie!

As dit moontlik sou wees dat hierdie beker by Hom kon verbygaan - dat ons, arme sondaars, sonder dit gered sou kon word, sou sy uitroepe beantwoord geword het. Maar dit was nie moontlik nie. God moes sy ongenoeë met sonde toon, selfs wanneer dit deur sy eie Seun gedra word. Daarom het Hy sy gesig van hom af weggedraai, totdat Jesus uitgeroep het: "My God! My God! Waarom het U My verlaat?"

Dink aan u sonde in die lig van God se goedheid en liefde vir jou. As jy 'n vyand slaan, is dit 'n sonde. As jy 'n vriend slaan, is dit 'n groter sonde. Maar as jy jou hand lig om jou liefdevolle vader te slaan, is dit 'n nog groter sonde. Hoe sondig moet dit dan nie vir jou wees om te baklei teen so 'n goeie God as die Here nie? Het Hy jou nie sedert jou geboorte oorlaai met liefdevolle goedheid en tere ontferming nie?

JESUS KLOP AAN DIE DEUR VAN JOU HART

Jesus het aan die deur van jou hart geklop en wil graag inkom en jou skuld wegneem, en deur sy Gees in jou woon, en jou heilig maak! Hy het geklop deur jou moeder se gebede. Hy het geklop deur jou onderwyser se opdragte. Hy het geklop die tyd toe jy in erns was. Hy het weer en weer geklop deur die verkondiging van sy Evangelie. Hy het weer geklop toe

sommige van jou vriende hulle bekeer het. Hy het geklop toe jy siek was. Hoe sondig was jou sonde teen so 'n goeie God wat vir jou sulke geleenthede gegee het.

Dink veral aan jou sonde in die lig van wat jou verwerping van Christus impliseer. Die grootste sonde van almal - die verdoemende sonde - is dat jy nie na Christus wil kom nie. God het sy Seun gestuur om jou te soek en te red. Hy is so tevrede met die dood van Christus vir sondaars, dat dit Hom vreugde verskaf om sondaars om Christus ontwil te vergewe. Tot op hierdie oomblik het jy egter sy Seun verwerp. O, mag jy tog die sonde besef van om Christus te verwerp, sy bloed onder jou voete te vertrap, voort te spoed na die hel oor sy dooie liggaam - van om te sê: "Nee, ek wil U nie as my Saligmaker hê nie."

"As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." So het Jesus een aand driemaal vir Nikodemus gesê. Leser - is u opnuut gebore? Het u ooit 'n verandering ervaar wat 'n nuwe geboorte genoem kan word? Deur na Christus toe te kom word jy weer gebore. "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Johannes 1:12.

DIE SIEL WAT VERLORE IS

Die Bybel sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood," en "Dit is die mens wat sondig wat sal sterf." Die dood waarvan hier gepraat word, sluit in alles waarmee God die verlore sondaar besoek as gevolg van sonde.

Elke sondaar is "reeds veroordeel," selfs terwyl hy lewe. Johannes 3:18. jy is net soos 'n mens wat veroordeel is om te

sterf vir moord en in die tronk lê en wag vir die oomblik van teregstelling. God se boodskapper, Dood, mag gou kom om jou te kom haal.

Die straf van God bly op jou. Johannes 3:36. God is elke dag toornig oor die bose.

Jy is 'n kind van die duiwel, en sy slaaf. Die duiwel is God en die mens se grootste vyand. Hy is daarop uit om jou liggaam en siel te vernietig. Hy is jou baas. Dag na dag doen jy wat die duiwel wil hê jy moet doen. En van al die base is hy die wreedste.

Jy sal eendag doodgaan, en dit mag dalk baie gou en baie skielik wees. En wat gebeur by die dood? Bose geeste hang in die lug rondom die sterfbed van 'n sondaar, en wanneer hy sterf, gryp hulle hom en voer hom weg na die bodemlose put.

Die dag sal kom wanneer jy die trompet van God sal hoor, en jy sal uit jou graf opstaan. As jy sonder Christus gesterf het, sal jou verdoemde siel gedwing word om jou verdoemde liggaam binne te gaan, en sal jy voor die Here moet staan om veroordeel te word.

God se boek sal oopgemaak word. Elke bose woord wat jy ooit gesê het en elke bose daad wat jy ooit gedoen het, sal uitgelees word voor 'n versamelde menigte. En jy sal die stem van Jesus hoor sê: "Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is."

EN DIT SAL VIR EWIG WEES

"En hierdie mense sal die ewige straf ontvang." Ja, jy sal "weggaan" van jou goddelike vader an moeder, weg van jou

geliefdes af, weg van jou huis af, jou ouers, jou geleenthede - weg - die ewige straf in.

Kom ons dink aan sommige van die wurms wat aan jou gaan knaag in die plek van marteling. Een wurm sal jou bose hartstogte wees wat nooit in die hel vervul sal word nie.

'n Ander wurm sal jou herinnering wees. Jy sal tye onthou toe jy nie ver van die koninkryk van God was nie. En nou is jy vir ewig verlore.

Nog 'n wurm sal jou vriende wees wat in marteling verkeer - aaklige, bose kreature. Jy sal daar mense ontmoet vir wie jy na die sonde gelei het, en hulle sal jou vir ewig vervloek.

En dit sal vir altyd wees. Dit is die angel van die vloek. Die Bybel sê: "Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op." As daar na miljoene jare enige vooruitsig sou wees om vry te kom, sou daar hoop in die hel wees. Maar dit sal nie daar wees nie. Daar is geen hoop in die hel nie. O, Ewigheid! Ewigheid! Het jy al ooit daaraan gedink om in die hel te wees regdeur 'n eindelose ewigheid?

EN WAT DAN?

Eendag by 'n universiteit was 'n jong man besig om aan 'n professor sy planne vir die toekoms te vertel. Hy het vertel hoedat hy sou studeer om 'n regter te word. "Wat dan?" het die professor gevra. "Dan sal ek vir my doktorsgraad studeer," "Wat dan?" "Dan sal ek 'n paar moeilike sake hanteer en 'n goeie reputasie opbou." "Wat dan?" "Dan sal ek in een of ander vername amp bevorder word en ryk word." "En wat dan?" "Dan sal ek in weelde en waardigheid lewe." "Wat dan?"

"En dan - en dan - sal ek doodgaan." Hier het die professor sy stem ietwat verhef en hard gevra: "En wat dan?" Die jong man het nie geantwoord nie, maar sy kop laat sak en weggegaan. Kort nadat hy homself aan Christus oorgegee het, het hy 'n heilige en nuttige lewe gely.

14 SEËNINGE IN CHRISTUS

Ek wil hê dat jy moet weet wat jy kry wanneer jy Christus as jou persoonlike Saligmaker aanneem. Nie wat jy jare daarna kry nie, maar wat jy so vinnig soos 'n weerligstraal kry, in die oomblik wanneer jy Jesus in geloof vertrou as jou Saligmaker. Jy kry die volgende om mee te begin en om jou te dra op jou reis na die hemel:

1 - Jy kry volle en gratis vergewing van al jou sondes. Lees Handelinge 13:38, 39. "Daarom, broers, moet julle goed weet dat wat aan julle verkondig word, die vergewing van sondes deur Hóm is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes." "Deur Hom" - deur Christus. "Elkeen wat glo" - nie net party nie. "Vrygespreek word" - dit beteken hulle word gratis vergewe.

2 - Jou sondes word van jou weggeneem. God sê dat Hy al jou sondes agter sy rug gewerp het. Jesaja 38:17 (1933 vertaling). Hy sê weer: "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af." Psalm 103:12. Hoe ver is die ooste van die weste af? Verder sê Hy: "Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie." Heb. 10:17. Sondes nie net vergewe nie, maar ook vergete. God sê dat jy skoongemaak word "witter as sneeu." Psalm 51:9.

3 - Jy word deel van God se guns. Sy toorn word weggekeer en jy word "in die Geliefde" aanvaar. Ef. 1:6 (1933 vertaling).

4 - Al jou sonde is deur Christus gedra, en al sy verdienste word aan jou geskenk, en jy "word geregtigheid van God in Hom". 2 Kor. 5:21 (1933 vertaling).

5 - Jy word 'n kind van God - jy kry God as jou Vader. "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Joh. 1:12.

GENOEM DIE SEUNS VAN GOD

6 - God het jou lief en vind vreugde daarin om jou te lei, te beskerm en te versorg. Jesus bid: "...sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet." Joh. 17:23. "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook." 1 Joh. 3:1.

7 - Jy kry God se Heilige Gees om in jou te woon en jou in staat te stel om 'n heilige lewe te leef. O, swakste gelowige, God woon in jou. "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" 1 Kor 3:16.

8 - Jy kry 'n nuwe hart en 'n nuwe gees. "Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee." Eseg. 36:26. hy sal jou in staat stel om sy wil te ken, sy wil lief te hê en sy wil te doen.

9 - Jy kry berou en goddelike hartseer oor sonde. Handelinge 5:31: "God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan

bring en hulle sondes kan vergewe."

10 - Jy kry krag om Christus lief te hê. "Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het." 1 Joh 4:19 (1933 vertaling). Liefde verwek liefde. Hoe meer jy van Christus se liefde vir jou sien, hoe meer sal jy Hom liefhê.

11 - Jy sal krag kry om in die naam van Jesus te bid. Sy verdienste word op jou oorgedra, en jy kan na God toe kom in sy naam en deel kry aan die vervulling van sy beloftes.

DIE ONDEURGRONDELIKE RYKDOMME VAN CHRISTUS

12 - Jy kry die krag om goeie werke te doen en om God te behaag. Die eerste ding wat jy ooit doen om God te behaag, is om Christus as jou Saligmaker aan te neem. Daarna sal jou werke en diens Hom behaag.

13 - Jy verkry die waardevolle beloftes van die Bybel as jou eie. "Hy is die 'ja' van God, die 'ja' op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop 'Amen' sê." 2 Kor. 1:20. Watter rykdomme is daar nie in hierdie beloftes nie!

14 - Jy kry die ewige lewe. Jesus sê: "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe." Joh. 6:47. Jy kry die hemel as jou tuiste. Jesus sê: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." Joh. 14:2, 3.

Al hierdie kry jy op die oomblik wanneer jy jou vertroue in Christus as jou Saligmaker stel. Paulus praat van die "onpeilbare rykdom van Christus." Watter rykdomme van kleur, geur en skoonheid lê daar nie in 'n roosknop opgesluit voordat dit mettertyd oopgaan nie! En watter onpeilbare rykdom is daar nie in Christus nie!

"Here, sonder U is ons arm, ongeag wat ons alles besit. En met U is ons ryk, maak nie saak wat U van ons af wegneem nie."

REDDING GRATIS VIR ALMAL

Toe Noag se Ark klaar was, moes hy en sy gesin in die Ark ingaan of in die vloed omkom. Dit was net 'n treetjie, maar dit moes gedoen word.

Toe die Here verbygekom het om die Egiptenaars te tref, het hy die huise oorgeslaan waar bloed aan die deurkosyne gesmeer was. So moet die bloed van Christus in jou hart gesprinkel wees. Soos die brandoffer geoffer is as boetedoening vir sonde, so moet ons ons sondes eerlik voor God bely en hulle aan Jesus oorgee: anders kan ons nie gered word nie.

Hoe verkry jy die dood van Christus as 'n versoening vir jou sondes? Deur dit net in geloof te neem in kinderlike afhanklikheid van sy getroue beloftes. Op hierdie oomblik bied Jesus sy dood vir jou aan as 'n versoening vir al jou sondes.

Om sy aanbod van vergewing te aanvaar beteken eenvoudig om jou sondes teenoor Hom te bely en te sê: "Here Jesus, hier en nou aanvaar ek u aanbod, aanvaar ek U dood as 'n versoening vir my sondes, en neem ek U as my Verlosser aan."

Eendag het 'n arm, swak man langs die pad gestap en 'n swaar vrag gedra. Na 'n ruk het 'n sterk man verbygekom en gesê: "Daardie vrag is te swaar vir jou; gee dit vir my en ek sal dit vir jou dra, sodat jy kan rus." Toe het die arm, swak man die vrag vir die sterk man gegee. Net so het ek die vrag van my sondes gedra, tot Jesus verbygekom en gesê het: "Laat jou sorge aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg," en ek maar net my vrag sondes vir Hom gegee en Hy dit geneem het.

Wanneer jy Hom in eenvoudige geloof opsoek, sal jy gou met vreugde sê: "Ek het Hom wat ek liefhet, gekry." Lees die beloftes in 2 Kor. 5:20, 21. Jesus is sonde vir ons gemaak - Ons het regverdigheid van God in Hom geword - God pleit by ons om ons met Hom te versoen - Jesus bid vir ons. Watter beloftes om jou aan te moedig om in geloof die ewige lewe deur Jesus Christus ons Here as 'n gawe van God te aanvaar!

ONGEGRONDE VRESE

Jy mag in die versoeking wees om te dink "My sondes is te groot om vergewe te word." Maar dink aan die lyding van Christus, en glo wat God sê: "Die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."

Dink aan 1 Kor. 6:9, 10. "Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie." Wat 'n swart lys!!

Maar moenie hier stop nie. Lees verder: "En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sondes laat afwas, julle is

geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van God." Omdat hierdie verse in die Bybel bly, hoef jy nooit te twyfel oor jou eie verlossing nie, of oor die verlossing van enige lewende persoon nie. Moenie langer dink aan wat jy is nie, maar dink aan wat 'n wonderlike Verlosser Jesus is.

DIE OOMBLIK VAN VERTROUE

Nie lank gelede nie het ek saam met 'n jong man gestap. Ek het aan hom gevra hoe hy na Christus gelei is, en hy het my vertel: "'n Niggie van my het aan my geskryf en gevra om vir haar te gaan kuier, en ek het gegaan. My niggie het nie direk met my oor my siel gepraat nie, maar sy het my vertel hoedat 'n ander jong vrou na Christus gelei is. Tom, het sy vir my gesê, hierdie jong vrou was regtig angstig om gered te word, maar sy het agtergekom dat sy haarself nie kan red deur alles wat sy doen en met al haar pogings nie.

"Toe het sy besef dat Jesus gemartel is vir haar oortredings en geslaan is vir haar ongeregtighede, en dat Hy haar sondes aan sy eie liggaam aan die kruis gedra het. Sy het besef dat sy nie die straf vir haar sondes sou hoef te dra as sy gewillig sou wees om die Here toe te laat om dit vir haar te dra nie. Jesus het die werk voltooi.

"Sy het agtergekom dat sy maar net moes bid, Dankie, Here Jesus, Ek aanvaar U dood as versoening vir my sondes, en ek neem U aan as my Verlosser. Sy het maar net op Christus gesteun, en op sy dood vir vergewing, en jy moes gesien het hoe gelukkig sy was in Jesus.

"Later het sy gesê, Nou, Tom, wil jy nie ook weet dat jou

sondes vergewe is nie? Ek was werklik ernstig daaroor om gered te word. Ons het gekniel en sy het gebid. Gou het ek regtig geglo dat ek op Christus vertrou, en ek het byna aangespoor gevoel om van my knieë af op te staan en te sê ek glo! Ek glo! Maar dit het gevoel of die duiwel fluister, Moenie 'n gek van jouself maak nie - dit is alles 'n misleiding - maar net 'n emosie - 'n verbygaande opgewondenheid.

'Toe het die Gees van God weer in my hart begin werk en gewys dat Christus gewillig was om al my sondes op Hom te neem en my te red. Ek het op my voete gespring en gesê, Ek glo! Ek glo! My niggie het ook opgestaan en saam my vreugde in die Verlosser gedeel.

"Toe het sy begin om my te vertel van die slenters van die duiwel, en hoe hy sou probeer om my te mislei. Tom, het sy gesê, môre oggend sal die duiwel verseker vir jou vertel dat dit net misleiding was. Daar is niks soos 'n Bybelteks wanneer jy met die duiwel stry nie. Vertel hom 'Christus het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra' (1 Petrus 2:24), of "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie' (Joh. 6:37). Vertel hom dat jy op Christus vertrou, en dat jy op Christus sál vertrou.

"Weer het sy gesê dat die duiwel sekerlik bose gedagtes in my denke sou voorstel en my sou vertel dat ek maar net so sleg soos altyd was. Sy het ook gesê dat die duiwel my sou vertel dat ek sekerlik sou val. En ek moes hom vertel dat dit heeltemal waar was dat ek nie self staande sou kon bly nie, maar dat my Verlosser Jesus belowe het dat Hy my nie sou laat val nie (Judas 24), en dat 'Hy Jesus genoem word, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos' (Matt. 1:21).

"Later het ek my broer alles vertel wat ek oor Jesus geleer

is, en dit was nie lank voordat hy tot bekering gekom het nie, en ons was sedertdien vir mekaar 'n groot aansporing. My jong suster, wat sedertdien oorlede is, is ook na Christus gelei."

Nou, my liewe leser, sien u dat God so tevrede is met die dood van Christus aan die kruis vir sondaars, dat Hy gewillig is om jou nou om Christus se onthalwe te vergewe. Jy het nie nodig om enigiets te doen as boetedoening vir jou sondes as jy gewillig is om Christus aan te neem nie. Christus is nou langs jou, biddende dat jy Hom sal toelaat om jou sondes te neem en dit vir jou te dra.

O, doen wat Hy jou vra - "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28). Kom nou na Hom toe.

DIE BYBEL

Hierdie Boek bevat: - Die gedagtes van God, die toestand van die mens, die weg tot Saligheid, die verdoemenis van sondaars en die geluk van Gelowiges.

Die leerstellings daarvan is heilig, die voorskrifte daarvan is bindend, die geskiedenis daarvan is waar en die besluite daarvan is onveranderlik. Lees dit om wys te wees, glo dit om veilig te wees, en leef dit uit om heilig te wees.

Dit bevat lig om vir jou die pad te wys, voedsel om jou te ondersteun, en troos om jou op te beur. Dit is die reisiger se kaart, die pelgrim se staf, die loods se kompas, die soldaat se swaard, en die Christen se grondwet.

HEILIGHEID DEUR GELOOF IN JESUS

Heiligmaking is die werk van die Gees van God se inwoning in die hart. Maar hoe doen die Gees van God dit? Deur die oog van die gelowige te rig op sy lewende, liefdevolle Verlosser. Aan die einde van Romeine, hoofstuk sewe vra Paulus: "Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" Dan kom die antwoord: "Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here."

Jy onthou hoe jy tot bekering gekom het. Dit was die werk van God se Gees: Hy het jou oog gerig op Jesus se sterwe aan die kruis vir sondaars en Hy het jou gewys hoe gewillig Hy was om jou te red. En op die oomblik toe jy tot bekering gekom het, het jy aan Christus gedink.

En net so rig die Gees van God ons oë op Jesus wanneer Hy heilig maak. Paulus het nie gevra wat my sal verlos nie. Daar is nie 'n wat wat ons verlos nie, maar daar is 'n Wie - 'n lewende, liefdevolle Verlosser wat kan, "Ek dank God deur Jesus Christus ons Here."

Dieselfde waarheid word geleer in 1 Kor. 1:30. ons is in Christus, en Christus is in ons. Ons het geen wysheid nie, maar Christus is ons wysheid. Ons het geen geregtigheid nie, Maar Christus se geregtigheid vir ons is so gratis soos die sonskyn. Ons het geen bron van heiligheid in onsself nie, maar Christus is ons heiligmaking en redding.

Op die oomblik toe jy in staat gestel is om Christus te aanvaar, is jy een met Christus gemaak. Christus het gesterf, en jy in Hom. Christus lewe, en jy in Hom. Beskou jouself as

dood vir die sonde, en opgewek met Christus. Gee Christus 'n kans. Laat Hom in jou leef. Hou gemeenskap met Hom. Wees lief vir Hom. Hou vas aan Hom, en sonde sal van jou wyk. Die siel wat Christus in hom het, is vrygemaak; dit is vry.

JESUS IS DIE WARE WINGERDSTOK

Christus is die Ware Wingerdstok, en jy is 'n loot. Johannes 15. Dit is vir die wingerdstok 'n vreugde om lewe en krag aan die loot te gee. Die loot groei nie en dra nie vrugte deur groot pogings en moeite nie. Dit bly bloot aan die wingerdstok, en verkry krag en kos daaruit. So is dit vir Christus 'n vreugde om vir ons - sy lote - elke oomblik krag en sterkte te gee.

Jesus is hier, en Hy het die volheid van sy Gees tot elkeen van ons se beskikking gestel. Hy vind vreugde daarin om ons elke oomblik te vul. Hy gee aan ons die opdrag: "Laat die Gees julle vervul", en Hy wil ons nou vul. Behoort ons nie te glo, met of sonder gevoel, dat Hy ons vul nie? Indien ons dit sou doen, sal dit nie lank wees voordat God aan ons ondervindinge sal skenk ver bo enigiets wat ons tans geniet.

Hier kom ons by die gebruik van middele. Ons sal nooit aanhou om dag na dag en uur na uur op Christus te vertrou, tensy ons dit deur middel van genade doen nie. Ons behoort onsself te verbind aan een of ander evangeliese kerk waar die evangelie getrou gepredik word. Ons behoort die dienste daarvan by te woon en deelneem aan die Christelike werk daarvan. Ons moet aan die Here se tafel aansit so gereeld as wat ons die geleentheid het. Ons moenie plekke van versoeking besoek en diegene bevriend wie se geselskap aan ons skade berokken nie.

En ons moet gereeld ons Bybel lees en bid. George Muller probeer om in elke boodskap wat hy lewer die groot belangrikheid

van Bybellees met gebed by sy hoorders tuis te bring. Om die waarheid te sê, kan ons nie daarsonder in genade groei nie. Dit is dan die geheim van heiligheid - 'n lewenslange navolging van Jesus Christus.

HOE OM SEKERHEID TE HÊ

Versekering van verlossing is die werk van God se Gees. "Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." Rom. 8:16. Die manier om sekerheid te kry is om Jesus direk na te volg - en na Hom toe te kom - soos wat Hy in die Bybel openbaar word.

Duncan Matheson het gesê: "Ek is in staat gestel om God op sy woord te neem. Ek het niemand anders as Jesus alleen gesien nie, en bo alles in verlossing. My las het van my rug afgeval, en ek was verlos. Ek kon myself nie binnehou van vreugde nie. Ek het die Nuwe Lied gesin, Verlossing deur die Bloed van die Lam. Ek het die kalmte van 'n vergewe sondaar gevoel. Ek het geween oor my sonde wat Hom aan die kruis laat vasnael het, en dit was trane van egte berou."

"Syne vir altyd, net Syne;
Wie kan my van die Here skei?
O, met watter salige rus
kan Christus die liefdevolle hart vul!"

HEMEL - ONS TUISTE

Evangelis W.P. NICHOLSON

Jesus het gesê: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie." Joh. 14:2. Daar is geen ander onderwerp wat die hart meer laat ontvlam en die verbeelding meer aangryp as die onderwerp van die hemel nie. Is ons moeg vir die lewe se stryd en worstelings? Is dit nie wonderlik om te weet dat ons binnekort in die hemel

sal wees waar daar nooit 'n geveg of worsteling sal wees nie, en waar ons nooit weer moeg kan wees nie?

Die hemel is 'n plek van helderheid. Daar sal geen nag wees nie. Dit is een lang, ewige dag. Die Here is die lig van die hemel. Daardie helder land is nog nooit deur hartseer uitgedoof nie. Hulle is daar geklee in wit klere. Pyn is onbekend daar, maar hier ontsnap niemand dit nie. Baie het erger hartseer as enige fisiese pyn - 'n kind wat die pad in sonde byster raak. Kan enigiemand die pyn peil wat so 'n moeder deurmaak?

Die hemel is so helder dat geen oog ooit deur trane verdof sal word nie. Daar sal geen vloek wees nie. Hoe baie word hier nie deur die sonde vervloek nie. Dank God - ons gaan na 'n wêreld waar daar vir altyd van die vloek en verderf van die sonde ontslae geraak is! Die hemel is ook 'n plek van geluk. Ons lees van kore wat sing, en die vrygekooptes wat sing, "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed."

KINDERS IN DIE HEMEL

Dr. Guthrie van Edinburgh sê: "Die hemel bestaan grootliks uit klein kindertjies. 'Die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.' Hoe vertroostend is hierdie woorde by die wiegie van 'n sterwende kind! Hulle val soos balsemdruppels op ons bloeiende harte wanneer ons die agteruitgang van daardie jong lewe sien, totdat ons geliefde kind met 'n sug sy liggaam verlaat en opgaan na die geluksaligheid van die hemel en die boesem van sy God."

Die hemel is ook 'n plek van bewustheid. Hier op aarde ken ons mekaar baie swak. Ons sal mekaar beter ken wanneer

die mis verdwyn het. Petrus het vir Moses en Elia op die Berg van Verheerliking herken. Toe die goeie Koningin Victoria sterwend was, het iemand haar hoor sê: "Albert, Albert." Haar man wat jare vantevore gesterf het, was naby haar. 'n Vrou het my vertel hoedat haar klein kindjie uitgeroep het toe sy gesterf het: "Pappa, pappa." Die vader het 'n tyd vantevore gesterf.

DIE NUWE JERUSALEM - DIE HEMELSTAD

Wat 'n stad sal dit nie wees nie! Geen agterbuurtes of salonne daar nie. Geen hospitale of tronke nie. Geen armes of onderdruktes nie. Dieselfde dinge wat ons groot stede hier vervloek sal in die hemel afwesig wees. Die inwoners van die stad wat God voorberei het, is so onvernietigbaar soos die materiaal waarvan dit gemaak is. Die pêrels, jaspis en suiwer goud daarvan is slegs onsterflik om die woonplek van onsterflikes te omsluit. Geen doodskreet word in enige woning daarvan gehoor nie. Geen begrafnisse verdonker enige paaie daarvan nie. Geen grafte van die heiligste relieke glinster tussen die ewigdurende heuwels nie.

Die strate van die Hemelstad is van suiwer goud. Die huise daarvan is herehuise, en die inwoners is heilig en gelukkig. Dit is nie met hande gebou nie, en dit sal nie grou word oor jare heen nie. Dit is 'n Stad waarvan die inwoners deur geen sensus getel is nie; en deur die strate waarvan daar geen gedruis van besigheid is nie. Dit is 'n Stad sonder droefheid of grafte, sonder sondes of hartseer, sonder geboortes of sterftes, sonder troues of geweeklaag. Dit is 'n Stad wat hom verheug daarin om Jesus as Koning te hê, engele vir wagte, heiliges vir inwoners; en wie se mure Verlossing is, en wie se Poorte Lof is.

GOD SE STRAFGEVANGENIS

Deur W.P. NICHOLSON

Ons het groot gevangenisse in ons beskaafde lande. Wat 'n jammerte om mans en vrouens in sulke plekke van marteling te sit, hulle te beroof van hulle vryhede en voorregte; mans van hulle huise en gesinne te skei en pyn en skande oor hulle vriende te bring. Baie keer is mans in die tronk omdat hulle een misdaad begaan het, en sommige van hulle word gehang.

Ons het groot inrigtings vir sielsiekes dwarsoor die land. Duisende mense word teen hulle sin daar gehou. Is dit nie 'n jammerte om sulke plekke te hê en mense so te behandel nie. Jy sou met jammerte na my kyk as ek so praat en wonder waar ek vandaan kom. Jy sou sê: "Weet jy nie dat hierdie mense wetsoortreders en kranksinnig is nie? Dit is vir hulle eie beswil en die veiligheid van die land en die mense dat ons hulle daar gesit het."

Dink jy dat ons meer begrip as God het? Wie is die mense wat hel toe gaan? Hulle is mans en vrouens wat teen God gerebelleer het en geweier het om deur die bloed van sy Seun gered te word. Wat anders kan God met hulle doen as om hulle in die gevangenis te sit? 'n Man is sekerlik kranksinnig as hy sy eie siel verdoem deur Jesus Christus as sy Verlosser opsetlik te verwerp. Mans en vroue, God se strafgevangenis is die hel; die hel is God se inrigting vir sielsiekes. As jy aanhou om teen God te rebelleer, het God 'n gevangenis vir jou, en as jy so dwaas is om sy verlossing te weier, het God 'n inrigting vir sielsiekes vir jou.

Kom ek noem vir jou 'n paar van die woorde wat God gebruik om die aard van hierdie plek te beskryf: "'n Poel van

vuur" - 'n Bodemlose put - 'n Verterende vuur - 'n Plek van hartseer - Waar hulle weeklaag - 'n Plek van trane - 'n Brandende oond - 'n Plek van pyniging - 'n Vuur wat brand sonder ophou - 'n Plek van vuilheid - Waar hulle God vervloek - Die ewige verdoemenis - Die diepste duisternis daarbuite - Waar hulle geen rus het nie - Die ewige straf - Waar hulle hul tonge knaag - 'n Plek voorberei vir die duiwel en sy engele - Waar hulle kerm om 'n druppel water - Met vuur en swael gepynig - Helse vuur - Hel - Die dreigende toorn.

As God nie liefde was nie, sou Hy die pad na die hel maklik en vinnig gemaak het, maar Hy het die pad daarheen met dorings en versperrings afgekamp, en 'n mens moet hard werk om daar te kom. Hy moet sy gewete by herhaling onderdruk. Hy moet die trane en gebede van God se mense vertrap. Hy moet God se Woord stilmaak, die Heilige Gees demp, en die kosbare bloed van Christus onder sy voete vertrap; dit alles voordat hy daarin slaag om sy siel vir ewig te verdoem.

HOE OM SUKSESVOL TE WEES IN DIE CHRISTELIKE LEWE

deur DR. R.A. TORREY

Daar is twee groepe mense wat begin met die Christelike lewe: dié wat 'n algehele of gedeeltelike mislukking daarvan maak en dié wat 'n algehele sukses daarvan maak. Die vraag dring homself onmiddellik na vore: "Is dit moontlik om 'n eenvoudige pad aan te dui waarin enigeen wat wil, kan loop en wat sukses absoluut seker sal maak? Ek glo dit is. Ek glo dat God se Woord 'n paar eenvoudige instruksies gee wat, indien hulle nagevolg word, sukses in die lewe van die Christen 'n sekerheid sal maak. Daar is sewe stappe op hierdie pad wat uitgemerk is in die Bybel."

1. BEGIN REG. Wat 'n regte begin is, sien ons in Joh. 1:12: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Ontvang Christus. Neem Hom aan as jou Verlosser wat vir jou sondes gesterf het. Vertrou die hele saak van jou vergewing aan Hom toe. Stel jou vertroue in die feit dat Hy die volle straf vir jou sonde gedra het.

2 Kor. 5:21: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees." Gal. 3:13: "Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: 'Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is.'"

Dit is in hierdie eerste stap dat baie 'n fout maak. Hulle probeer om hulle goeie werke voor te hou as 'n grond waarop hulle gered word. Hulle dink dat as hulle goed is, God hulle sal vergewe, as gevolg van Christus se dood en hulle goedheid.

Neem Hom aan as jou Verlosser, die een wat jou sal red uit die mag van die sonde, wat jou lewend sal maak as jy dood is in oortredings en sondes. Moenie probeer om jouself uit die mag van die sonde te bevry nie. Vertrou Hom om dit te doen.

Neem Hom aan as jou Meester. Moenie probeer om jou eie lewe te bestuur nie. Gee jouself onvoorwaardelik oor aan sy heerskappy oor jou. Sê: "Alles vir Jesus." Baie faal omdat hulle terugdeins van hierdie algehele oorgawe. Hulle wil Jesus met 'n halwe hart dien, en 'n gedeelte van hulleself, en 'n gedeelte van hulle besittings. Hierdie lewe van halfhartige oorgawe is 'n ellendige lewe van struikeling en mislukking. Die lewe van algehele oorgawe is altyd 'n vreugdevolle lewe.

As jy dit nog nooit voorheen gedoen het nie en 'n "sukses van die Christelike lewe wil maak", gaan alleen na God toe, gaan op jou knieë en sê: "Alles vir Jesus." Sê dit baie ernstig, uit die diepte van jou hart. Bly daar totdat jy besef wat dit beteken en wat jy besig is om te doen. Dit is 'n wonderlike stap vorentoe as jy dit regtig neem.

As jy alreeds die stap geneem het, neem dit weer. Neem dit gereeld. Dit het altyd nuwe waarde en bring nuwe saligheid.

Om Christus as jou Meester te aanvaar sluit gehoorsaamheid aan sy wil in, insoverre jy dit in elke kleinste besonderheid van die lewe ken. Dit is een van die belangrikste voorwaardes om "die Heilige Gees wat deur God gegee is aan dié wat aan Hom gehoorsaam is", te ontvang. Hand. 5:32.

2. BELY CHRISTUS OPENLIK VOOR MENSE. Matt.10:32: "Elkeen wat hom voor die mense openlik vir my uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is." Rom. 10:10: "Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered." Die lewe van belydenis is die lewe van volle verlossing. Dit is wanneer ons Christus openlik voor mense bely dat Hy ons sal bely voor "my Vader in die hemel," en dat ons die volheid van sy seën ontvang.

Dit beteken nie dat ons Christus net eenkeer moet bely nie, byvoorbeeld wanneer ons by die kerk aansluit nie, maar by voortdurend. Wie die grootste sukses van die Christelike lewe wil maak, behoort elke geleentheid aan te gryp om Christus voor mense te bely - by die huis, in die winkel, by die werk, in die kerk, orals.

Ek het eenmaal 'n ou prediker hoor sê: "Wanneer ons baie van Christus maak, sal Hy baie van ons maak." Hoe baie het wegbeweeg van Christus af op hierdie stadium! Hulle het na 'n

nuwe stad toe gegaan, of 'n nuwe werkplek, en nagelaat om Christus te bely, en nou is hulle terug in die wêreld.

3. BESTUDEER DIE WOORD. 1 Pet. 2:2: "Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei." Die Woord van God is die siel se voedsel. Dit is die voedingskrag van die nuwe lewe. Iemand wat die Woord verwaarloos, kan nie veel van 'n sukses van die Christelike lewe maak nie. Almal wat groei in die Christelike lewe, is groot eters van die Woord van God. Hier faal baie. Vra vir enige persoon wat teruggegly het: "Het jy jouself daagliks gevoed met die Woord?" Ek het nooit een gevind wat kon sê dat hy het nie.

4. "BID SONDER OPHOU." 1 Tess. 5:17. Die een wat wil slaag in die Christelike lewe moet 'n lewe van gebed leef. Dit is maklik genoeg as jy maar net daarmee begin. Maak vaste tye vir gebed. Die reël van Dawid en Daniël, driemaal op 'n dag, is 'n goeie reël.

Ps. 55:17-18: "Maar ek roep na God, na die Here wat my sal red. In die aand, in die môre en in die middag, heeldag kla en sug ek, en Hy hoor my roep." Dan. 6:11 : "Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank."

Begin die dag met danksegging en gebed - danksegging vir die definitiewe genadegawes van die verlede, gebed vir die definitiewe behoeftes van vandag. Stop in die middel van die gewoel en bekommernis en versoeking van die dag om dankie te sê en te bid.

Dan behoort daar ook die spesiale gebed te wees onder

spesiale versoeking - wanneer ons die versoeking sien naderkom. hou jou oog gerig op God en "Bid sonder ophou." Dit is nie nodig dat ons altyd op ons knieë hoef te wees nie. Maar die hart behoort egter altyd op sy knieë te wees. As "Satan bewe wanneer hy die swakste heilige op sy knieë sien," laat ons hom altyd aanhou bewe. Ons behoort letterlik dikwels op ons knieë te wees. Dit is 'n vreugdevolle lewe, vry van bekommernis en sorge. Hierdie is die punt (verwaarlosing van gebed) waar baie faal.

Daar is drie dinge waarvoor die een wat 'n sukses van die Christelike lewe wil maak, veral moet bid. Eerstens, vir wysheid: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid," Jak. 1:5. Tweedens, vir sterkte: "Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag," Jes. 40:31. Derdens, vir die Heilige Gees: "Die Vader in die hemel ... sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra," Luk. 11:13. Met elke noodgeval van Christelike werk behoort jy tot God te bid vir hernieude vervulling met die Heilige Gees. Hand. 4:31.

5. BEGIN WERK VIR CHRISTUS. Matt. 25: 29: "Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word." Let op die verband, dan sal jy sien dat dit beteken dat hulle wat gebruik wat hulle het, meer sal kry, en dat hulle wat dit wat hulle het, ongebruik laat lê, selfs dit wat hulle het sal verloor.

Die werkende Christen, die een wat sy talente, of dit min of baie is, in Christus se diens gebruik, is die een wat vordering maak in die Christelike lewe hier, en wat hierna sal hoor: "Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf ... Kom in en deel in my vreugde!"

Vind werk om vir Christus te doen en doen dit. Soek vir werk. As dit niks meer is as om traktaatjies of uitnodigings na

byeenkomste uit te deel nie, doen dit. As jy altyd op die uitkyk is vir meer wat jy vir Christus kan doen, sal jy altyd iets meer van Christus ontvang.

6. GEE BAIE. Spr. 11:25: "Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê." 2 Kor. 9:6, 8: "Wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk."

Sukses en groei in die Christelike lewe hang van 'n paar dinge meer af as om ruim te gee. 'n Suinige Christen kan nie 'n groeiende Christen wees nie. Dit is wonderlik hoe 'n Christenmens begin groei wanneer hy begin om te gee. Gee sistematies.

Sit vir Christus 'n vasgestelde deel van al die geld of goed wat jy kry, eenkant. Wees presies en eerlik daaroor. Moet dit onder geen omstandighede vir jouself gebruik nie. 'n Tiende is 'n goeie deel om mee te begin. Moet dit nie minder as dit laat wees nie. Nadat jy jou tiende gegee het, sal jy waarskynlik gou die vreugde leer van om vrywillige gawes bykomend tot die tiende te gee.

7. HOU AAN VOLHARD. Fil 3:13, 14: "Broers, ek verbeel my nie dat ek dit al alles hê nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus." Vergeet dit wat agter lê; beur voort na die beter dinge wat voor lê.

" Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus

Jesus." Vergeet die sondes wat agter lê. As jy iewers faal, as jy val, moenie ontmoedig wees nie, moenie opgee nie, moenie broei oor die sonde nie. Bely dit onmiddellik. Glo God se Woord. 1 Joh. 1:9: "Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

Glo dat die sonde vergewe is; vergeet dit; beur voort. Satan mislei baie arme siele hier. Hy laat ons broei oor ons mislukkings en sondes. Hy laat ons selfs dink dit is nederigheid om God se Woord te betwyfel en Hom tot 'n leuenaar te maak deur nie te glo dat die sonde vergewe en vergeet is wanneer Hy sê dit is vergewe en vergeet nie.

Vergeet die prestasies en oorwinnings van die verlede en beur voort na groteres. Hier kul die satan ons weg van 'n groter lewe. Hy laat ons so baie dink aan wat ons alreeds bekom het en maak ons so tevrede daarmee en so opgeblase daaroor dat ons tot 'n stilstand kom en selfs begin teruggly. Daar is altyd iets beter vorentoe, totdat ons "soos 'n volgroeide mens sal wees, so volmaak en volwasse soos Christus. Ef. 4:13.

DIE VERLOSSER EN DIE SONDAAR

DIE SONDAAR

Die loon wat die sonde gee, is die dood. Rom. 6:23.
O God, wees my, sondaar, genadig. Luk. 18:13

DIE VERLOSSER

Die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe. Rom. 6:23
God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Joh. 3:16.

DIE SONDAAR

Nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as. Job 42:6.

Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter kan wees as sneeu. Ps. 51:9.

DIE VERLOSSER

Ek het jou oortredinge, jou sondes, uitgewis, hulle het verdwyn soos wolke, soos miswolke. Kom terug na My toe, want Ek het jou verlos. Jes. 44:22.

DIE SONDAAR

Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! Ps. 51:11.

DIE VERLOSSER

Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie. Joh. 6:37.

DIE SONDAAR

Ons het almal gedwaal soos skape. Jes. 53:6.

DIE VERLOSSER

Sê nou een van julle het honderd skape en een raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege-en-negentig in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry. En as hy hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. Luk. 15:4, 5. Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is. Luk. 19:10.

DIE SONDAAR

Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Ps. 25:4.

DIE VERLOSSER

Ondersoek die Skrif. Joh. 5:39.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek. 2 Tim. 3:16.

DIE SONDAAR

Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet ervaar. Ps. 119:18.

Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red. Ps. 27: 9.

DIE VERLOSSER

Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie. Heb. 13:5.

Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra. Jer. 31:3.

Het jy My lief? Joh. 21:17.

DIE SONDAAR

Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet. Joh. 21:17.

DIE VERLOSSER

As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. Joh. 14:15

Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. Joh. 13:34.

DIE SONDAAR

Daar is by my die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. Rom 7:18, 19.

DIE VERLOSSER

My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is. 2 Kor. 12:9.

DIE SONDAAR

Here, gee ons meer geloof. Luk. 17:5.

DIE VERLOSSER

Vra, en vir julle sal gegee word. Luk. 11:9.

Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van 'n vis? Luk. 11:11.

As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee - die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra. Luk 11:13.

Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Gal. 5: 22, 23.

DIE WONDERBAARLIKE KRUIS

As ek die kruishout gadeslaan
Waaraan die Hemelkoning sterf,
Dan ag ek al my rykdom waan,
En al my hoogmoed slegs verderf.

Verhoed, my God, dat ek ooit roem
Behalwe in my Heilands dood,
En alles wat ek voordeel noem,
Lê ek as offer aan sy voet.

Daar uit sy hoof, sy hand, sy voet
Vloei liefde met verdriet gemeng.
Het liefde en smart ooit so ontmoet,
Of doringkroon so 'n eer gebring?

Ek sien 'n stroom van heilig bloed,
Wat uit sy sterwend' liggaam vloei.
Nou is ek vir die wêreld dood -
Die wêreld kan my nie meer boei.

Het ek die wêreld om te gee,
Dit sou 'n nietig offer wees,
Want liefde so verbasend, eis
My al, my liggaam, siel en gees!

- Isaac Watts

Revival Movement Association,
2 Clara Street,
Belfast, BT5 5GB,
N. Ireland. U.K.